

2 April

Skrifgedeelte: Eksodus 18:13-26

Fokusgedeelte: Eksodus 18:22

Dra persoonlike verantwoordelikheid, verantwoordelik!

Dood dra aan verantwoordelikheid, is nêrens 'n opdrag in die Bybel nie. Net so min om alleen verantwoordelikheid te moet dra. Die beeld van 1 Korintiërs 12 leer duidelik: 'n oog kan net sien en 'n oor net hoor. Verdere verantwoordelikheid hoef die lede nie na te kom nie.

Dié belangrike les kom in die gelese gedeelte na vore. Moses dra te veel verantwoordelikheid, en dit wys sy skoonpa – aanvaar onder leiding van die Heilige Gees – vir hom uit. Dit strek nie Moses of die volk tot voordeel nie. Trouens, die volk moet leer om in gehoorsaamheid self verantwoordelikheid te aanvaar. Dit deurdat die voorskrifte en wette aan hulle bekend gemaak moet word en hulle dit sal nakom.

Verder word op verskillende vlakke persone aangewys wat aan die groot las help dra. Werksverdeling word gedoen. Nou is 'n groter groep vir die regsaspekte van die volk verantwoordelik. Persoonlike verantwoordelikheid moet deur elkeen aanvaar word. En so word vir mekaar omgee.

Onthou: Jesus leer met onder andere die gelykenis van die munstukke/talente dat elkeen sy/haar verantwoordelikheid moet nakom. Niks meer nie, maar ook niks minder nie. En as elkeen sy of haar verantwoordelikheid getrou nakom en uitleef, sal niemand in diens van die kerk of gemeente uitgebrand raak nie. Inteendeel, die liggaam (gemeente/kerk) sal floreer en saam aan die opbou en uitbou van die liggaam deel hê en dit tot eer van die Koning van die kerk – Jesus Christus.

Moses moes breek aandraai en vandag beslis ook sekere lidmate. Miskien is daar weer ander wat die handrem moet losmaak en so sy/haar talente vrugbaar in diens van God en sy kerk op aarde stel. Elkeen is uniek en die uniekheid moet benut word. Leef so jou verantwoordelikheid uit.

Sing: Psalm 133: 1, 2

Dr. P (Piet) Fanoy (Windhoek)